# GrietGriet

e-pos: magrietjie@up.ac.za
web: www.up.ac.za/magrietjie

November 2010
Volume 7




**Die volgende *GrietGriet* verskyn in Maart 2011.**
*GrietGriet is also available in English – please let us know if you prefer to receive an English copy.*



**Magrietjie Primaria 2011**
**Zarése van Dyk**



**Magrietjie van die Jaar**
**Portia Mmenu**



**Spikkel van die Jaar**
**Elmien Steyn**

## ONTMOET DIE 2011 HK

Magrietjie se nuwe huiskomitee is in Augustus aangewys nadat meer as 80% van die huis hulle stemme uitgebring het. Die nuutverkose HK het hul plekke op die 1ste September ingeneem nadat hulle die geleentheid gehad het om twee opleidingskampe by te woon. Die eerste kamp was die eksterne kamp waar HK-lede van al Tukkies se koshuise mekaar beter leer ken het. Die tema van die kamp was "skep ‘n leef en leer gemeenskap".

Die tweede kamp was Magrietjie se eie interne kamp waar die HK-lede en huisouers die bos ingevaar het om vir die komende jaar te beplan. Die kamp het weggespring met ’n profiel-ontleding deur Anine van Zyl (‘n sielkundige en oud-Magrietjie). Anine het haar dienste gratis aangebied en elke HK-lid se persoonlikheidsprofiel ontleed wat gehelp het dat die dames hulself asook hulle mede-HK-lede beter leer verstaan het. Ander pretaktiwiteite het ingesluit wildsritte, kleiduifskiet, vermaak-like voorstellings deur die kosspanne, en ‘n Magrietjie-pictionary wat duidelik getoon het dat al is die nuwe HK-lede nie kunstenaars nie, daar niks met hul verbeelding skort nie. Die kamp was ‘n groot sukses en die dames het dit baie geniet.



**Anine van Zyl (voorste ry: 4de van links) by die HK**

## MAGS PRESTIGE

Met Magrietjie se interne prestige aand op 20 September 2010 is Portia Mmenu aangewys as die Magrietjie van die Jaar en Elmien Steyn as Spikkel van die Jaar (foto’s links).

Magrietjie het ook verskeie toekennings ingepalm tydens die Universiteit se jaarlikse Eksterne Prestige aand wat op 7 Oktober in die Rembrandtsaal gehou is.

Magrietjie het onder andere die volgende toekennings ontvang:

- Sportkoshuis van die Jaar (88%)
- Beste Kultuuraand van die Jaar (tema: Musiek Mania)
- Beste Kultuur HK-lid van die Jaar (Jaide Schempers – foto regs)
- 2de in Kultuur-Intern
- 2de in Kultuuraande
- 2de in JOOL-fondsinsameling, pret en promosies, korttermyn- en langtermynprojekte
- 3de in JOOL-gemeenskapsdiens
- 3de beste JOOL-koshuis van die Jaar (91.08%)
- 3de beste Kultuurkoshuis van die Jaar (83.17%)
- 3de beste Koshuis van die Jaar



**Jaide Schempers**
**Kultuur HK-lid van die Jaar**

## MAGS IN SERENADE FINAAL

Die tema van die Magrietjie dames se Serenade-vertoning hierdie jaar was skolierpatrollie. Die uitdunne het tussen die 2de en 4de Augustus in die Aula plaasgevind en Magrietjie is deur na die finale rondte. Die Magrietjie-nagtegale het 'n indrukwekkende vertoning gelewer en, alhoewel ons nie gewen het nie, is ons opreg trots op ons 19 deelnemende dames.




**Magrietjie Serenade tydens die finaal**

## GROOT JA

Hierdie jaar het ons nuwe Jool Hk-lede die Zoepweek tradisie voortgesit met Groot JA. Indien jul nog nie gehoor het nie... Magrietjie jool volgende jaar met die beste daghuis op Tuks naamlik Vividus! Ons joolnaam as joolpaar vir 2011 is "Magsidus". Nou ja, terug by Groot JA... Frances en Steph het besluit om "groot te gaan" deur ons Joolvennote te beindruk met 'n aand vol vermaak, ingesluit 'n orkes wat opgetree het op Magrietjie se grasperk. Met presiesie is elke Spikkel georganiseer om op net die regte oomblik kamerligte aan te skakel sodat die koshuis se ligte die woord JA kan spel. Vividus-mans se knieë was behoorlik lam, veral toe die Spikkels in die vensters begin dans het. Welgedaan dames - 'n goeie grondslag vir 'n suksesvolle jooljaar is gelê!

## POT & PONS

Zoepweek is op 'n hoogtepunt afgesluit met Pot en Pons op die Joolplaas. Die tema vir Pot en Pons was "Ladder 69": dink aan brandweerwaens, brandblussers en brandweermans (Vividus hunks) in brandweerpakke. Met hope pret tydens die maak van die potjie, was dit 'n heerlike dag (sonder enige reën soos verlede jaar). Magsidus het uiteindelik 'n skaflike 6de plek behaal.





**Magsidus by Pot en Pons**

## ARGIEFOPENING

Die argiefopening het op 20 September plaasgevind toe nuuskierige Magrietjies opgedaag het om die afgelope jaar in herinnering te bring, maar ook om die verlede van nader te bekyk. 'n Hoogtepunt was 'n uitstalling van die Spikkeldrag en HK-drag van ouds. Wat 'n voorreg om oor die Oud-Magrietjies te kon lees!



## PRE-LENTEDAG IN MAGS

Die manskoshuise is bekend vir hulle pre-lentedag aktiwiteite. Hierdie jaar het Magrietjie besluit dat dames ook pret kan hê deur 'n pre-lentedag vlugbaltoernooi op Magrietjie se grasperk tussen die dameskoshuise te hou. Die dag was 'n reuse sukses met Magrietjie wat uiteindelik gekroon is as die wenners van die toernooi. Al die dames was dit eens... wie het nou mans nodig om pret te hê!

## Het jy geweet?

**Die Universiteit belê in studente se veiligheid deur te investeer in sentrale toegangsbeheer, alarms, geslote-baan televisie (CCTV), 'n groen roete op kampus asook 'n 24-uur krisissentrum. Daar is selfs 'n kamera op Madelief se dak wat aktiwiteite vanuit 'n beheerkamer in Hatfield monitor.**

**Magrietjie is oor 2 jaar 30 jaar oud en ons moet ons databasis op datum kry!!**
**Wat dink julle hiervan?**

- **Sluit aan by die Magrietjie Alumni facebook groep en nooi 4 oud-Mags vriendinne uit om deel te word.**
- **Begin 'n interaktiewe webblad waar dames in jaargroepe verdeel word.**
- **Adverteer oud-Magrietjies se besighede en dienste in die Spikkelboek.**
- **Plaas 'n advertensie vir oud-Magrietjies in die Huisgenoot.**
- **Identifiseer 'n leier in elke jaargroep om daardie jaar se Magrietjies te soek.**

### In die volgende *GrietGriet*

- **Meer oor ons Spikkels**
- **Wat van Maxie?**

**Hallo almal! Ek is Tintswalo Mkansi, die nuwe redakteur, warm van die drukpers af. Hier verskyn al die nuus en opwindende gebeure van die Pienk Paleis. Ek hoop julle geniet hierdie uitgawe. Tot volgende keer. Pienk Liefde.**



**Redakteur:**
Tintswalo Mkansi

## MAGRIETJIE SING VIR DIE STAATSPRESIDENT

Dit is wonderlik om te sien hoe ver terug Magrietjie se sukses strek. Dit sluit in Serenade wenners in 1982 tot sing vir die Staatspresident (Mnr Marais Viljoen) by sy woning. Ek is seker dit moes die beste dag van die Staatspresident se termyn gewees het – dis tog nie aldag wat mooie jong dames vir jou kom sing nie. Die foto is in 1982 geneem en het in die koerant verskyn op die 4de November 1982. As daar enige oud-Magrietjies is wat hierdie geleentheid kan onthou – laat weet ons asseblief.



AG 4 NOVEMBER 198

Uit ons Gemeenskap

**Tukkies sing vir die Staatspresident**

DIE vrolike gesigte is dié van Huis Magrietjie se inwoners. Huis Magrietjie, die nuutste dameskoshuis van Tukkies, het vroeër vanjaar die serenade-wedstryd gewen. Voordat almal te besig was om vir die eksamens te leer, het Basie Kampher die koshuis se meisies vir oulaas bymekaargeroep. Vrydagaand het hulle dan ook sing-sing by die Staatspresident, mnr. Marais Viljoen, se woning aangekom en vir hom hulle mooiste liedjies gesing.

## REUNIE

Aanvaar asb ons verskoning vir die reunie wat toe nie plaasgevind het nie. Die belangstelling was ongelukkig nie na wense nie, maar dit het ons net meer gedetermineerd gemaak om ons databasis uit te bou. Baie dankie egter aan diegene wat wel belangstelling getoon het en selfs hulle alumni bydrae aan Huis Magrietjie geskenk het. Daar was egter 'n paar "rebelle" onder die oud-Magrietjies wat toe 'n eie mini-reunie gereël het. Ons "spioene" het daarvan te hore gekom en ons toé Primaria, Eliz-Mari Prinsloo, het by hulle gaan inloer!! Onder hierdie dames was Poenie van den Berg (née Leen), al die pad van Namibië, en ook die stigter van die "Bond van oud Magrietjies". Na aanleiding van die "mislukte" alumni-dag het Madeleen Wienand, 'n oud-Magrietjie gedurende die 1980s, aangedui dat ons daadwerklik aksie moet neem om oud-Magrietjies op te spoor. Sy glo (en ons stem heelhartig saam) dat oud-Magrietjies baie belangstel om reunie te hou, maar dat die terugvoer min dames was omdat te min van die dag geweet het. Lees (sien info links) oor idees om oud-Magrietjies op te spoor (hoofsaaklik deur Madeleen geinspireer). Stuur asb vir ons jou idees en/of bereidwilligheid om betrokke te raak om oud-Magrietjies op te spoor per epos na magrietjie@up.ac.za.



## UIT ONS SKATKIS

**Mariette Fourie** (née Kallmeyer) het 'n paar interessante staaltjies uit haar jare (1985) in Magrietjie gedeel: "Kollege het ons kom raid. Ek het pas my deur gesluit en op my bed gaan lê… toe Mnr Kollege aan die deur ruk. Ek wip my toe sooo en gryp 'n besem, sluit die deur oop en jaag hom 8 vloere tot onder met net sulke katoen pajamas aan. Soveel endorfiene! Dit was heerlik. Hul het al die krane oopgedraai en die hele ingang was onder water. Sonop bring toe vir ons roeibote. Na soveel jooljare saam met Sonop, geen wonder dat ek met 'n Sonopman al vir 21 jaar getroud is nie."

**Carla van Niekerk** het laat weet dat sy en haar koshuisvriendinne van die 1990s baie goeie herinneringe aan Magrietjie het en dat hulle steeds groeie vriende is.

**Tot weersiens in *GrietGriet* Maart 2011…**